

# SIYATHEMBA MYNuusblad



Desember 2024

## SIYATHEMBA

### Orion het gasheer ondernemings uitgenooi om hul stem te laat hoor

**Orion het 250 plaaslike besighede van Siyathemba en Vanwyksvlei gedurende 2024 genooi om deel te neem aan 'n onafhanklik gefasiliteerde besigheid impak opname om te verstaan hoe Orion kan help om sy gasheergemeenskap en besighede verder te ontwikkel. Ongeveer 27% van die besighede het op die opname gereageer.**

Die opname verskaf 'n momentopname van plaaslike ekonomiese aktiwiteite wat 'n positiewe ekonomiese impak aandui, wat Orion op plaaslike besighede gemaak het, terwyl die oorblywende uitdagings erken word. 52% van die respondente het 'n toename in omset gerapporteer, terwyl 21% aangedui het dat nuwe werksgeleenthede, altesaam 128, in die voorafgaande jaar geskep is. Die opname het ook getoon dat 31% van die respondente op die Orion Minerals Verskaffer Databasis geregistreer is.

Orion bly daartoe verbind om die ontwikkeling van die plaaslike ekonomie te ondersteun in ooreenstemming met sy gasheergemeenskap doelwitte vir Prieska Koper Sink Myn, insluitend 50% gasheergemeenskap indiensneming, 40% gasheer gemeenskap subkontrakteurs geleenthede en 30% gasheergemeenskap verkryging van goedere en dienste.



## Siyathemba Golf Dag

**Orion het in September ’n baie suksesvolle gholf dag aangebied om fondse in te samel vir die gasheergemeenskappe van Prieska, Marydale, Vanwyksvlei en Niekerkshoop.**

Die Gholf dag, wat by die Siyathemba-gholf klub gehou is, het 42 borge en 96 spelers getrek. Gemeenskapsleiers, die Siyathemba-munisipaliteit en die burgemeester was ook teenwoordig.

Die fondse wat ingesamel is (R75 000 in totaal) was gebruik om verskeie gemeenskaps projekte te borg, insluitend:

- Stoele, tafels en brandblussers is aangekoop vir die Vroeë Kinder Ontwikkeling-ondersteuning sentrum, Busy Bee, in Van Wyksvlei.
- Opvoedkundige ondersteuningsmaterial is geskenk aan Laerskool Bloukrans in Prieska, insluitend witborde, stoele en drukmateriaal.
- Atletiek toerusting is aangekoop vir Laerskool JJ Dryer in Prieska.
- Matrasse is geskenk aan die Bergendal-skool koshuis in Marydale.
- Gesondheidstoerusting is verskaf aan die gemeenskapsgesondheidswerkers om hulle te help om huisbesoeke in Niekerkshoop te doen.





*Orion het matrasse geskenk en aan die Bergendal-skool koshuis in Marydale oorhandig. Dit is die eerste skenking vir gemeenskaps projekte uit die fondse wat by die Gholfdag ingesamel is.*



# Wees verantwoordelik
# hierdie fees seisoen



**Elke jaar verloor ongeveer drie miljoen mense hul lewens weens alkohol misbruik, volgens die Wêreld Gesondheids Organisasie, verteenwoordig dit 5% van alle sterftes. Dit is 'n skrikwekkende statistiek, aangesien Suid-Afrika 'n land is wat hoë vlakke van oormatige drinkery en die gepaardgaande skade in die gesig staar.**

Alkohol misbruik is een van die vernaamste bydraers tot misdaad, veral geslagsgebaseerde geweld en vrouemoord (GBVF) in Suid-Afrika. Kom ons maak dit ons almal se plig om voorvalle van GBVF, alkoholverwante en ander misdade by wetstoepassings owerhede aan te meld.

**Effekte van alkohol op die liggaam:**

- Strekking en hang van die hart spier
- Onreëlmatige hartkloppings wat tot 'n hartaanval kan lei
- Beroerte
- Hoë bloeddruk
- Vetterige lewer
- Fibrose
- Verdikking en littekens van weefsel
- Lewerskade
- Kop-, nek-, lewer-, bors- en kolon- of rectum kanker
- Verswakte immuunstelsel, wat dit makliker maak vir siektes om jou liggaam aan te val

**Met die fees seisoen wat ons vinnig nader, is hier 'n paar idees om verantwoordelik te drink:**

- Moet nooit drink en bestuur of roekeloos die straat oorsteek nie
- Probeer 'n lae-alkohol- of alkoholvrye alternatief
- As jy gaan drink, nomineer 'n aangewese nugter bestuurder
- Wissel af tussen alkohol en sap, koeldrank of water
- Eet voor en/of tydens drinkery
- Beperk jou drankies en hou tred met hoeveel drankies jy drink of gehad het

**As jy hulp nodig het, of weet van iemand wat hulp nodig het, kontak asseblief:**

- Anonieme Alkoholiste – **0861 4357 22**
- Suid-Afrikaanse Depressie- en Angsgroep (SADAG) – **011 262 6396**
- Tough Love – **0861 868 445**
- Life Line – **0861 322 322**
- Al-Anon – **031 304 1826**

By Orion Minerals is ons daartoe verbind om almal op die myn veilig te hou. As sodanig het ons geen verdraagsaamheid vir alkohol- en dwelmgebruik op die myn en tydens enige van ons opleidiingsessies nie, om sodoende die welstand en veiligheid van al ons werknemers en leerlinge te verseker

**Ons waardeer u samewerking en wens u en u gesin 'n veilige en gelukkige vakansies toe!**